

Riglyne vir Borsvoeding by die Werkplek

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch

Agtergrond

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) aan die Universiteit Stellenbosch besef dat baie vroue na die werkplek terugkeer terwyl hulle nog hulle babas borsvoed.

Die FGGW lê hierdie riglyne neer met die oogmerk om vroulike werknemers wat nog hulle babas borsvoed nadat hulle terug by die werk is, te ondersteun sodat hulle kan borsvoed en borsmelk met 'n pomptoestel onttrek.

Doel

Om riglyne vir toesighouers en bestuurder neer te lê rakende vroulike werknemers wat besluit om hulle babas te borsvoed of om borsmelk vir hulle babas met 'n pomptoestel te onttrek.

Omvang

Hierdie riglyne geld vir werknemers wat ná kraamverlof terugkeer sowel as nuwe aanstellings wat borsvoed op die tydstip waarop hulle aangestel is. Dit geld nie vir tydelike werkers nie, en ook nie vir sessiewerkers wat vir minder as 24 uur per maand in diens geneem is nie.

Wetsraamwerk

- ❖ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (RSA 1996)
- ❖ Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995, soos gewysig
- ❖ Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997
- ❖ Wet op Diensbillikheid 55 van 1998
- ❖ Kode van Goeie Praktyk vir die Beskerming van Werknemers tydens swangerskap en na die geboorte van 'n kind, soos vervat in die regulasie wat ingevolge die Wet op Basiese Diensvoorwaardes in *Staatskoerant* no. 6342 van 1998 gepubliseer is

Reëlins

1. Wanneer die werknemer ná kraamverlof terugkeer, moet sy haar onmiddellike toesighouer inlig dat sy borsvoed of melk moet onttrek. Enige nuwe werknemer moet haar onmiddellike toesighouer hiervan in kennis stel wanneer sy in diens tree.
2. Die werknemer kan 'n redelike pouse versoek om te borsvoed of borsmelk te onttrek.
3. Die werknemer en haar onmiddellike toesighouer moet op 'n gepaste reëling ooreenkom. Dit kan insluit dat die werknemer, bykomend tot normale pouses, nog twee pouses van hoogstens 30 minute elk binne 'n tydperk van 8 ure mag neem om te borsvoed of melk te onttrek.
4. Die werknemer en haar onmiddellike toesighouer moet ook bedryfsvereistes bespreek en dit te alle tye in ag neem.
5. Dit mag gebeur dat 'n werknemer langer pouses, of meer as twee pouses, benodig om te borsvoed of melk te onttrek. Die onmiddellike toesighouer kan instem om die pouses te verleng op voorwaarde dat, indien bedryfsvereistes dit noodsaak, daar van die werknemer verwag mag word om die verlore tyd in te haal of haar werksure aan te pas.

6. Die onmiddellike toesighouer moet seker maak dat die werknemer se reëlins vir borsvoeding of melkonttrekking aangeteken word.
7. Indien misbruik vermoed word, mag die reëling beëindig of 'n toepaslike moniteringsmeganisme ingestel word.
8. Enige reëlins vir borsvoeding of melkonttrekking geld vir 6 maande ná die geboorte van die werknemer se kind. Die onmiddellike toesighouer kan die tydperk verleng, onderhewig aan bedryfsvereistes.

RUIMTE EN FASILITEITE

Die Fakulteit besef dat algemene badkamerfasiliteite nie geskikte ruimtes is waar vroue kan borsvoed of borsmelk onttrek nie.

Daarom onderneem die FGGW om te doen wat moontlik is om minstens een fasiliteit vir borsvoeding en die onttrekking van borsmelk te verskaf wat aan die volgende standarde voldoen:

- ❖ 'n skoon, gemaklike en privaat ruimte binne die werkplek;
- ❖ gepaste kennisgewingsbordjies (bv. LOKAAL BESET) om privaatheid te bevorder;
- ❖ 'n stoel met ondersteunende armleunings wat gemaklik is vir borsvoeding;
- ❖ 'n tafeltjie en 'n stoel om borsmelk te onttrek;
- ❖ toeganklike kragproppe vir elektriese pomptoeestelle;
- ❖ 'n werksoppervlakte of tafel om doeke om te ruil, met die benodigdhede om die oppervlakte higiënies skoon te hou;
- ❖ nabygeleë wasfasiliteite met toevoer van skoon, veilige water om hande te was en pomptoeestelle en ander toerusting uit te spoel; en
- ❖ 'n yskassie of plek in 'n yskas waar borsmelk veilig bewaar kan word.

Die vroue moet hulle eie houers vir die bewaring van borsmelk gebruik, en melk wat in yskaste bewaar word, moet 'n duidelike etiket met 'n naam en 'n datum dra.

Bevordering en kommunikasie van hierdie riglyne

Alle personeel wat by die FGGW in diens is, moet van hierdie riglyne ingelig word.

Verdere inligting

Vir meer inligting of bystand in verband met hierdie riglyne, skakel asseblief met prof Lianne du Plessis by imdud@sun.ac.za.

Magtiging

Goedgekeur deur: Die Bestuur: Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Goedkeuringsdatum: 18 Julie 2019
Jongste hersiening: 18 Julie 2019

-----//-----